

JAARVERSLAG 2012

VOORWOORD DEUR DIE NASIONALE VOORSITTER

Elke jaar is ek verbaas wat FEDSAS weer regkry. In 2012 is daar geen twyfel dat Onderwys in 2012 weer deur die insette van FEDSAS gebaat het. Vanaf die waghondrol wat ons moet speel om te verseker dat Onderwys op die korrekte beginsels binne die raamwerk van die SA Skolewet, tot opleiding van beheerliggame (ouers en leerkragte) en natuurlik die dag tot dag ondersteuning van beheerliggame met onderwys (nie altyd nie) verwante sake.

’n Belangrike aanwyser of die diens wat FEDSAS lewer relevant is bly maar ons lede tal, veral wanneer daar ’n wisseling van rolspelers kom soos wat tydens vanjaar se beheerliggaamverkiesings plaasgevind het. Tans wys ons groeiende lede tal dat FEDSAS op die regte onderwys sake fokus.

Die uitdaging om doeltreffend met nasionale, provinsiale en distriksonderwysdepartementstrukture aan die een kant, en beheerliggaamlede aan die ander kant, saam te werk, bly nog steeds groot. Ons moet nie net baie tyd en kundigheid daarin belê nie om ’n sinvolle bydrae te maak, maar ook die fondse bekom wat die proses ondersteun.

Twee van ons strategiese doelwitte wat vanjaar verder aandag geniet het en goeie vordering getoon het wat spesifiek melding moet geniet is:

- die opbou van verhoudings met plaaslike en internasionale strategiese vennote
- die fokus om die werk van die onderwys trust te bevorder.

Ons verwagting is dat hierdie aksies in die toekoms wesenlike voordele vir FEDSAS en sy lede sal inhou.

Dit is vir my weereens 'n voorreg om deel van die FEDSAS-suksesverhaal te wees, en ek bedank graag alle raadslede, beamptes en lede vir hul vertroue in en ondersteuning aan die organisasie. Ons is besonder dankbaar vir die kundigheid en toewyding van Paul Colditz, Jaco Deacon, die provinsiale bestuurders en die adminkantoor, wat almal die daaglikse bedryfsake van FEDSAS so vlot laat verloop.

Onderwys en vooruitgang in die onderwys lê ons na aan die hart. Laat ons suksesse, sowel klein as groot, ons die moed gee om vol te hou.



ERHARD EH WOLF
NASIONALE VOORSITTER

'n Rekordjaar vir FEDSAS

Vanjaar was die sesde rondte van driejaarlikse demokratiese beheerliggaamverkiegings vir openbare skole in Suid-Afrika sedert die Suid-Afrikaanse Skolewet op 1 Januarie 1997 in werking getree het. Dit is ook die jaar waarin die driejaarplan om FEDSAS as die leier in skoolbeheer en -bestuur te vestig tot vervulling moes kom. Daarbenewens is dit presies ses jaar sedert die destydse Federale Raad van FEDSAS besluit het om die organisasie in 'n unitêre liggaam te omskep en 'n voltydse nasionale uitvoerende hoof aan te stel. Dit is dus 'n gepaste tydstip om na te dink oor waar ons vandaan kom én waar ons vandag staan.

Aan die einde van 2006 het FEDSAS 703 lede gehad. Daardie getal was egter duidelik nie korrek nie. Die ware toedrag van sake ten aansien van lede sou eers aan die einde van 2007 bepaal kon word, nadat die databasis op nasionale vlak gekonsolideer en 'n jaar lank geverifieer is. Aan die einde van daardie jaar het die ledetal op 866 gestaan. Op 9 November 2012 het die ledetal op 1 465 gestaan. Die aantal nuwe lede wat tot dusver vanjaar by FEDSAS aangesluit het, is 193 – verreweg die grootste toename in lede in FEDSAS se geskiedenis. In die ooreenstemmende tydperk in 2010 en 2011 was die aantal nuwe lede 86 en 118 onderskeidelik.

FEDSAS se inkomste aan die einde van 2006 was ook werklik power, en het teen die einde van 2007 selfs nog net op R2 057 765 te staan gekom. Dít was die einde van die eerste jaar van eenvormige nasionale finansiële rekordhouding. Op 31 Oktober 2012 het die inkomste R7 742 222 beloop, met 'n geprojekteerde inkomste van R7 955 958 vir die einde van die jaar. Dít moet teen die begrote inkomste van R5 904 994 vir hierdie jaar beoordeel word. Die begrote uitgawes was R5 837 925, terwyl die geprojekteerde

uitgawes R6 997 433 beloop. Die dramatiese toename in inkomste kan grootliks aan die ewe dramatiese toename in lede toegeskryf word.

Die struktuur wat aan die einde van 2006 vir FEDSAS aanvaar is, het afgeskop met 'n voltydse uitvoerende hoof met net een persoon in die nasionale kantoor. Die totale getal personeel was 12. Vandag werk daar vyf persone in die nasionale kantoor, en staan die totale getal personeel op 18.

'n Historiese stap in FEDSAS was die verskuiwing vanaf die nasionale kantoor na 'n eie gebou, wat aan die begin van hierdie jaar 'n werklikheid geword het. In die nasionale kantoor het hierdie skuif ongekende opwinding veroorsaak. Dit het ook in 'n groot mate bygedra tot die buitengewone toename in geprojekteerde uitgawes vir 2012, omdat daar nie vir hierdie verskuiwing begroot is nie. Die geleentheid om die gebou te bekom het sigself eers voorgedoen nadat die begroting vir 2012 afgehandel was.

Beheer en bestuur

FEDSAS is verbind tot die beste praktyke van goeie en gesonde beheer en bestuur, soos dit in die bekende King-verslae vervat is. Al die komitees van FEDSAS en die nasionale raad funksioneer uitstekend, soos wat onder andere weerspieël word in alle lede se stipte bywoning van, en deelname aan, die aktiwiteite van hierdie liggame.

Drie nasionale raadsvergaderings is vanjaar gehou, terwyl die audit- en menslikehulpbrankomitee ook drie keer vergader het. Die uitvoerende komitee (wat uit al die personeel bestaan) het ook drie personeelberade gehou waartydens beplanning geskied en lede opgelei en toegerus word. In die maande waarin daar nié

personeelberade gehou word nie, vind daar telefoonkonferensies met die personeel plaas. Gereelde prestasieberade word ook met al die personeel gereël.

Die weeklikse publikasie *FEDSAS Vandag* dra by tot gekoördineerde en planmatige uitvoering van die bestuursfunksies van die organisasie, en die gereelde vraag-en-antwoord-rubriek wat daarin vervat is, dien terselfertyd as toerustingsinstrument.

FEDSAS se missie

FEDSAS se missie is soos volg in die grondwet verwoord:

Die missie van FEDSAS is om alles in sy vermoë te doen om, in die algemeen, sy lede en hul belangegroep te verteenwoordig in die vestiging en bevordering van die hoogs moontlike standaard van opvoeding vir al die kinders van ons land, en, in die besonder, om doeltreffende skoolbeheer en -bestuur te bevorder ten einde voormelde te bereik.

Hierdie verslag sou nutteloos wees as dit nie duidelik daarop afgestem was om oor die verwesenliking van hierdie missie verslag te doen nie. Lesers wil immers weet wat FEDSAS prakties gedoen het om aan hierdie missie gestalte te gee.

Beheerliggaamverkiesings

Die driejaarlikse verkiesing van beheerliggame is in die verlede deur swak ouerdeelname, vele geskille en swak reëlins gekenmerk. Fragmentasie was ook aan die orde van die dag deurdat elke provinsie sy eie tyd vir die verkiesing bepaal het en gehandel het ingevolge afsonderlike provinsiale verkiesingsregulasies, wat dermate van mekaar verskil het dat dit direk weersprekende bepalings bevat het. Koördinasie van verkiesings was dus 'n haas onmoontlike taak.

FEDSAS het daarom ná die verkiesings in die jaar 2000 by die Nasionale Departement van Onderwys (soos dit toe bekend was) begin voorspraak doen vir:

- 'n eenvormige stel verkiesingsregulasies;
- 'n enkele tydperk waarbinne die verkiesings landwyd gehou moet word;
- die hou van die verkiesings gedurende die eerste kwartaal; en
- voldagverkiesings in plaas van blote verkiesingsvergaderings.

Aanvanklik is ál ons voorstelle in hierdie verband eenvoudig van die tafel gegee. Mettertyd is die noodsaak van eenvormigheid egter ingesien en is 'n handleiding met riglyne minstens ontwikkel, met 'n versoek aan provinsies om hulle regulasies daarmee te versoen. Tot dusver was dit nie heeltewel suksesvol nie, omdat sommige provinsies steeds traag is om aan hierdie versoek te voldoen.

Vanjaar is egter die eerste keer wat die Departement gehoor gegee het aan ons versoek om die verkiesings in 'n bepaalde maand sowel as in die eerste kwartaal te hou. Sommige provinsies het ook voldagverkiesings begin toelaat. Daar word nou allerweë (nasionaal én provinsiaal) erken dat vanjaar se verkiesings die suksesvolste tot dusver was.

Baie skole het in die verlede gesukkel om 'n kworum by die eerste vergadering te behaal, en ons veldtog was juis daarop toegespits om maksimum ouerdeelname te verseker. Altesaam 72% van die FEDSAS-skole wat die verkiesingsvergadering gebruik het, het 'n kworum bereik, terwyl 98% van skole wat die voldagverkiesing gebruik het 'n kworum kon behaal. FEDSAS het daadwerklik toetree in gevalle waar daar geskille was en het in elke provinsie die verkiesing op provinsiale vlak help bestuur.

Die volgende was deel van FEDSAS se werk in aanloop tot die verkiesing:

1. FEDSAS se uitvoerende hoof, Paul Colditz, is aangewys in 'n taakspan van die Nasionale Departement van Basiese Onderwys, wat die hele verkiesingsproses moes aanvoer, beplan en koördineer.
2. Bekendstelling van die verkiesing aan Afrikaanse organisasies deur middel van die Afrikaner Burgerlike Netwerk (ABN)
3. Skep van 'n spesiale beheerliggaamverkiesingskakel op die webblad, met al die tersaaklike inligting (nasionaal en provinsiaal) sowel as nuttige wenke om deelname te verhoog
4. Bekendstellingsbriewe is na vennootorganisasies gestuur, tesame met elektroniese bemarkingsmateriaal
5. Die biddag vir onderwys is gebruik om die verkiesing in die NG Kerk en Hervormde Kerke bekend te stel
6. 'n Mediakonferensie om FEDSAS se veldtog van stapel te stuur
7. Radiopraatjies op gemeenskapsradiostasies
8. Provinsiale nuusbriewe met nuttige wenke om 'n 15%-kworum te behaal
9. Deurlopende mediaverklarings en -kommentaar

FEDSAS het ook volledige terugvoer aan die nasionale taakspan gegee, en daar is nou 'n formele voorstel om die Skolewet so te wysig dat daar 'n enkele nasionale stel regulasies vir beheerliggaamverkiesings sal wees. Hierdie voorstel geniet nou die eerste keer wye steun.

Beheerliggaamtoerusting en -opleiding

Die beheerliggaamopleidingsessies van 2012 was die grootste in FEDSAS se bestaan. Uit die terugvoer wat ons ontvang het en uit monitering van ons lede se werksaamhede is dit duidelik dat funksionering van beheerliggame dramaties verbeter het. FEDSAS het 96 opleidingsgeleenthede aangebied en meer as 65% van ons ledeskole het verteenwoordigers gestuur om dit by te woon. Meer as 4 700 beheerliggaamlede was teenwoordig, en die bestuursverslag van die webblad sowel as verkope van FEDSAS-produkte toon dat ons lede nou méér bewus is van ons produkte en dienste. Ná die beheerliggaamverkiesings in 2009 het FEDSAS 23 opleidingsessies vir sowat 2 400 beheerliggaamlede aangebied. Vanjaar se syfers toon dus 'n toename van bykans 300% in die aantal sessies en 'n styging van byna 200% in die getal afgevaardigdes.



Uit die maandelikse verslae van die provinsies is dit ook duidelik dat die provinsiale bestuurders méér navrae ontvang en hanteer. 'n Eenvormige program is vir die opleidingsessies ontwikkel, en provinsiale personeel het vir die eerste keer die aanbieding daarvan in hul eie provinsies behartig. Dit was stellig die hoogtepunt van FEDSAS se aktiwiteite vanjaar. Provinsiale bestuurders en hul adjunkte moes deeglik vir die aanbiedings voorberei, in welke proses hulle hulself ook sommer beter vir hul daaglikse werk kon toerus. Ledeterugvoer dui daarop dat die vorm en inhoud van die program 'n treffer was.

Hieronder volg 'n uiteensetting van die bywoning per provinsie en die uitgawes wat aangegaan is om die sessies aan te bied:

PROVINSIE	AANTAL SESSIES AANGEBIED	PERSONE TEENWOORDIG	SKOLE VERTEENWOORDIG	UITGAWES (in R)
Oos-Kaap	10	576	121	8 307
Vrystaat	20	1 089	190	12 164
Gauteng	12	508	119	7 041
KwaZulu-Natal	8	250	65	16 694
Limpopo	9	369	68	9 598
Mpumalanga	11	533	99	15 832
Noordwes	7	393	78	13 063
Noord-Kaap	7	275	52	21 662
Wes-Kaap	12	707	135	26 843
Nasionale kantoor				88 243
TOTAAL	96	4 710	927	219 445

Media

FEDSAS het tot dusver vanjaar slegs 14 mediaverklarings uitgereik. Dit is sowat 60% minder as die vorige twee jare, hoewel FEDSAS bykans 100% meer dekking gekry het. Die volgende twee grafieke toon die internasionale en nasionale blootstelling wat FEDSAS in slegs aanlynberiggewing geniet het. Dit sluit dus radio- en televisiedekking uit, sowel as gedrukte berigte wat nie aanlyn verskyn het nie. Die nuusflitse op die webblad bied 'n goeie oorsig van die aard van die mediadekking, en word daagliks bygewerk.



FEDSAS het ook groot voordeel getrek uit ons vennootskap met *RSA Search*, wat 'n reeks televisieadvertensies by kykNET gekoop het. FEDSAS se webblad en logo was deel van dié advertensieveldtog.

FEDSAS se projek oor Wêreldonderwysersdag het ook baie goeie en positiewe blootstelling ontvang. Die Verenigde Nasies het 5 Oktober tot Wêreldonderwysersdag verklaar. Aangesien daardie datum gewoonlik in die skoolvakansie val, het dit nog nooit in Suid-Afrika tot sy reg gekom nie. FEDSAS het vanjaar die inisiatief geneem om Wêreldonderwysersdag op die eerste Vrydag van die vierde kwartaal te vier, sodat beheerliggame, ouers en leerders goeie onderwysers die erkenning kan gee wat hulle toekom. Die projek was baie suksesvol en sal voortaan 'n vaste datum op ons agenda wees. Vele ander organisasies het saamgegaan met ons voorstel om hierdie dag op die eerste Vrydag van die laaste kwartaal te vier.

FEDSAS-produkte

FEDSAS se produkte het vanjaar goeie aftrek geniet. Die sakpaswette is in hul derde druk en daar is reeds meer as 2 000 van hierdie boekies verkoop. Die DVD's het goed verkoop by die beheerliggaamopleidingsessies, en daar is nou 'n spesiale aanbod op DVD-pakkette tot aan die einde van die jaar. 'n Aantal nuwe produkte word vir 2013 beplan. Die produkte is doelgerig ontwikkel om die gehalte van beheer en bestuur in ledeskole te verhoog en om lede beter toe te rus vir die verrigting van hul werksaamhede.

Ledetal en -werwing

FEDSAS het hierdie jaar rekordgroei beleef. By die skryf van hierdie verslag het 193 nuwe lede reeds aangesluit en staan die totale ledetal nou op 1 465. Uit die volgende

tabel blyk duidelik dat die bykomende personeel in die Wes-Kaap en Gauteng 'n groot verskil gemaak het. Ons het ook beduidend in KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap gegroei. FEDSAS se sterk teenwoordigheid in die nasionale media, en die suksesvolle bemarking van die beheerliggaamverkiesing en daaropvolgende opleidingsessies, is baie doeltreffend as bemarkingspunt gebruik. Dit is ook belangrik om daarop te let dat ons in ál nege provinsies groei beleef het, wat ongetwyfeld 'n groot spanpoging was.

Die totale ledetal en nuwe lede sien nou soos volg daar uit:

PROVINSIES	AANTAL LEDESKOLE Januarie 2012	AANTAL NUWE LEDE GEWERF	TOTALE AANTAL LEDE
GAUTENG	165	68	233
KZN	115	17	132
LIMPOPO	76	4	80
MPUMALANGA	127	10	137
NOORD-KAAP	80	10	90
NOORDWES	122	8	130
OOS-KAAP	171	17	188
VRYSTAAT	245	8	253
WES-KAAP	171	51	222
TOTAAL	1 272	193	1 465

Skakeling met onderwysdepartemente

Gereelde kwartaallikse skakeling met die topbestuur van die Nasionale Departement van Basiese Onderwys vind by die vergaderings van die Nasionale Adviesforum (“National Consultative Forum”) plaas. FEDSAS het hierdie forum in 1998 aangevoer as platform vir gereelde gesprek tussen beheerliggaamorganisasies en die Ministerie sowel as Departement oor sake van gemeenskaplike belang.

Tog is daar minder sukses behaal met pogings om dieselfde struktuur vir gesprekvoering in provinsies op die been te bring. In die Wes-Kaap bestaan daar so ’n struktuur en werk dit goed. Ná jare se gespook is die provinsiale forum uiteindelik in Mpumalanga daargestel, wat die deur vir gereelde skakeling oopgemaak het. Die struktuur is ook in die Vrystaat gevestig, maar funksioneer bloot met rukke en stote. Tot dusver geskied skakeling in ander provinsies op ’n ad hoc-grondslag, van betreklik gereeld in Gauteng tot ’n algehele gebrek aan skakeling in die Oos-Kaap en Limpopo. Waar skakeling wél plaasvind, het dit goeie gevolge.

Besondere uitdagings en struikelblokke

Die toedrag van sake in die Oos-Kaap en Limpopo, waar die nasionale regering by wyse van artikel 100 van die Grondwet in effek die administrasie van die twee provinsiale onderwysdepartemente moes oorneem, is werklik ernstig. Ons lede in daardie provinsies trek ongelooflik swaar as gevolg van die provinsiale onderwysowerhede se nienakoming van hul verpligtinge. Alle pogings om met die provinsiale onderwysowerhede in gesprek te tree, was tot op hede vrugteloos.

FEDSAS is tans saam met al die erkende onderwysvakbonde in die Oos-Kaap in ’n hofstryd met die Departement gewikkel oor postevoorsiening vir 2013. Die saak word

eers op 7 Desember 2012 aangehoor, wat dit vir ons lede feitlik onmoontlik maak om vir aanstaande jaar te beplan.

In Limpopo het van ons lede nou reeds twee jaar geen oordragbetalings van die Departement ontvang nie. Personeelvoorsiening is in dieselfde chaotiese toestand as in die Oos-Kaap, en die sage oor die aflewering van handboeke is welbekend. Berigte wat die wêreld ingestuur word, dui daarop dat alle boeke intussen afgelewer is. Ons eie opnames bevestig egter dat dít allermins waar is.

Ook in Gauteng word ernstige knelpunte ervaar. Die provinsiale departement in hierdie provinsie is minstens beter georganiseer en meer funksioneel as die voormelde twee provinsies s'n, maar as gevolg van jare lange gebrekkige beplanning en die instroming van mense in Gauteng, is daar nou 'n ernstige tekort aan ruimte om vir alle leerders voorsiening te maak. Uiteraard wil ouers ook graag hê dat hulle kinders plek kry in funksionele skole wat goed presteer. Dít plaas erge druk op ons lede, en as daardie druk nie doeltreffend teengewerk kan word nie, is daar 'n wesenlike gevaar dat gehalte-onderdig uiteindelik in die slag sal bly. FEDSAS moes dus die ongewilde stap doen om ook hiér by die hof aansoek te doen om die tersydestelling van toelatingsregulasies wat beheerliggame byna geen seggenskap in toelating gee nie. Die hofaansoek is pas uitgereik en die verwagting is dat die saak eers laat in 2013 aangehoor sal word.

Skakeling met onderwysvennote

Die nuwe vennootskap tussen FEDSAS en die Suid-Afrikaanse Onderwysontwikkelingstrust (SAOOT) is op dreef, en die verwesenliking van die doelwitte van die ooreenkoms tussen die twee organisasies vorder reeds fluks.

Goeie verhoudinge en samewerking word ook steeds met die bestaande vennote gehandhaaf.

Internasionale blootstelling

Die gebruiklike FEDSAS-toer om in die buiteland kennis en ervaring op te doen, is vanjaar na skole en onderwysinstellings in Denemarke en Swede onderneem. Die toergroep het uit 13 persone bestaan. Toerlede het hul waardering teenoor FEDSAS uitgespreek vir die reël van die toer, en het ook getuig van waardevolle lesse wat hul op die besoek geleer het.

Dit was die laaste toer wat ons gereelde toerleier, prof JP Rossouw, gereël het. Ons betuig dus graag in die besonder ons dank en waardering teenoor hom vir sy inisiatief met die instelling en reëlings van die toere.

Volgende jaar se toer na Finland is reeds in 'n gevorderde stadium van beplanning.

Die uitvoerende hoof is ook genooi om 'n voordrag by vanjaar se konferensie van die Internasionale Simposium oor Onderwyservorming (ISER) te lewer, wat in Junie in Lexington, Kentucky, sowel as Washington in die VSA gehou is.

In Julie is die internasionale konferensie van die Sentrum vir Onderwysreg en -beleid (SORB) in Johannesburg gehou. Die konferensie het gekonsentreer op vordering met die verwesenliking van die reg op onderwys sowel as die grondwetlike uitdagings wat steeds bestaan. Benewens die uitvoerende hoof, die adjunk- uitvoerende hoof en die navorsings- en beleidsbeampte, het die ondervoorsitter, adv Lilla Crouse, en nasionale raadslid prof JP Rossouw ook referate gelewer.

Die jaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onderwysreg (SAVOR) is in September gehou en ook hiér was die gemelde drie FEDSAS-personeellede sprekers. Proff Rossouw en Marius Smit het ook by dié geleentheid referate gelewer.

Navorsing en beleidsontwikkeling

'n Verskeidenheid sake moes vanjaar weer ten behoewe van lede nagevors word, en verskeie dokumente is ook opgestel om lede se arsenaal van konsepbeleidstukke en voorbeelddokumente aan te vul. Die navorsings- en beleidsbeampte het ook vanjaar haar LLM-verhandeling oor die dualistiese rol van die skoolhoof as skoolbestuurder sowel as lid van die beheerliggaam voltooi. Dié studie is onderneem teen die agtergrond van toenemende spanning oor hierdie tweeledige rol, en oor onbehoorlike druk wat die provinsiale onderwysowerhede op skoolhoofde plaas om in stryd met beleid en die wense van die beheerliggaam op te tree. Die studie sal hopelik in die toekoms 'n waardevolle bydrae lewer om hierdie konflik te ontloot.

Daarbenewens is die bestuur van die webblad ook aan die navorsings- en beleidsbeampte toevertrou. Dit raak al hoe meer uitdagend om die webblad aan die hoë eise van gebruikers te laat voldoen. Dit is onteenseglik een van die omvattendste webblaaië ter wêreld op die gebied van onderwysbeheer en -bestuur.

Uitslae in die Nasionale Senior Sertifikaateksamen 2011

Die finale maatstaf om te bepaal of FEDSAS se missie verwesenlik word, is natuurlik die akademiese prestasie van ons lidskole. Die volgende tabel is klinkklare bewys van die sukses in hierdie verband:

Provinsie	% leerders geslaag	Provinsiale slaagpersentasie
Oos-Kaap	96,58%	58,10%
Vrystaat	95,11%	75,70%
Gauteng	96,43%	81,80%
KwaZulu-Natal	95,71%	68,10%
Limpopo	98,37%	63,90%
Mpumalanga	95,23%	64,80%
Noord-Kaap	94,71%	68,80%
Noordwes	97,70%	77,80%
Wes-Kaap	99,28%	82,90%
Totaal	96,57%	70,20%

Die toekoms

Vir FEDSAS in die besonder, dog ook vir skoolonderwys in die algemeen, bly die toekoms uitdagend. Die beheerstrukture en personeel is egter dermate gevestig en toegerus dat hierdie uitdagende toekoms met vertroue tegemoetgegaan kan word.

FEDSAS is gereed vir die uitdagings wat voorlê.

Dankwoord

Ek bedank graag almal wat in FEDSAS se beheerstrukture op sowel nasionale as provinsiale vlak dien vir hul lojale en onbaatsugtige diens aan die organisasie. Veral die nasionale voorsitter, mnr Erhard Wolf; die ondervoorsitter, adv Lilla Crouse, en die voorsitter van die oudit- en menslikehulpbronkomitee het prysenswaardige werk gedoen

en inspirerende leierskap gebied. Die toesigrol wat die beheerstrukture speel om te verseker dat FEDSAS se sake gesond is en dat die beste moontlike beheer- en bestuurspraktyke gevolg word, is gerusstellend.

Die FEDSAS-personeel verdien ook 'n besondere woord van dank. Iedere en elke personeellid het groot verantwoordelikheid aan die dag gelê om aan die eise van 'n besonder besige jaar te voldoen. Die resultate vir die jaar is sekerlik die beste getuigskrif wat hulle kan kry. Dit is 'n voorreg om aan die hoof van so 'n span te staan.

Paul Colditz

Uitvoerende hoof

24 November 2012